Week van Gebed 2012

Dit is ‘n geseënde gebruik dat gemeentes elke jaar, en dan spesifiek iewers in die begin van die jaar, ‘n reeks gebedsgeleenthede hou. Sommiges hou net enkele gebedsgeleenthede, ander sit ‘n hele week se aande daarvoor opsy.

Die bedoeling is dat daar dan gebid word vir die jaar wat voorlê, vir die verskillende fasette van die kerk se roeping in die wêreld. Daar word vir mekaar gebid, en vir die wêreld. Die Drie-enige God word geloof en geprys vir troue bewaring in die jaar wat verby is en vir beloftes vir die nuwe jaar. In geloofsvertroue word dié beloftes aanvaar; daarmee word die nuwe jaar dan vreugdevol tegemoed gegaan.

‘n Belangrike aspek van die Week van Gebed is ook om telkens weer God se wil te soek, te onderskei waarheen God met ons oppad is, waar Hy besig is en hoe ons daarvan deel kan word. Ons bede is inderdaad: *“Maak my u wil bekend, Here, leer my u paaie”* (Psalm 25:4). Daarom gaan die Week van Gebed 2012 se tema juis oor die gebed om onderskeiding, die gebed om die wil van God te ken, om op sy paaie gelei te kan word, om deur God onderrig te kan word.

Psalm 25 is ‘n gebed om onderskeiding, ‘n pleidooi om die regte weg te kan ken en te kan te bewandel, ook in die nuwe jaar wat kom. Dis egter ook belangrik om te besef dat hierdie gebed juis gebid word deur iemand wat aanvegtinge ervaar, iemand wat van binne geteister word deur vrae en onsekerhede, juis ook omdat daar soveel vrae en onsekerhede en bedreiginge daar buite is. Psalm 25 is eintlik ‘n klaagpsalm wat groot erns maak met die gebrokenheid van ons bestaan. Maar dan verander die Psalm weer in ‘n loflied: die Here ís goed en regverdig, Hy ís genadig, Hy help die hulpeloses, Hy leer ons die regte pad, sy paaie van liefde en trou, van vergiffenis en versorging. Psalm 25 het daarom ook groot betekenis vir ons dag.

Die Verenigende Diensgroep Diensgetuienis het vanjaar vir Prof Nico Botha van die VGKSA en Ds Victor Pillay van die RCA gevra om die reeks uit Psalm 25 te skryf. Elkeen het ‘n eie benadering en beklemtoning; daarin sit dalk juis die waarde van vanjaar se reeks. Marianne Strydom en Marinda Cilliers het met die vertaling gehelp. CLF het die reeks geborg, dit redaksioneel versorg en neem graag verantwoordelikheid vir die versending daarvan. Ons bede is dat leraars en ouderlinge in gemeentes van die hele NG Kerkfamilie die reeks baie handig sal vind.

Dr Gideon van der Watt
(Redakteur CLF)

“Here, wys my die weg wat ek moet gaan, leer my u paaie”
(Psalm 25:4 NLV)

Prof. Nico Botha

1. Verdwaald in groot moeilikheid

Die psalmdigter het in groot moeilikheid verdwaald geraak. Daarom dat hy in ’n gebed, eintlik ’n klaaglied, tot God roep om hom tog net weer op koers te bring. Hy vra om ’n openbaring van God, want niks anders sal hom help om die goeie weg en die regte pad te vind nie. In dieselfde asem dat hy vra om ’n duidelike aanwysing van God oor die pad wat hy moet loop, bid hy ook om onderskeiding om te weet watter pad die regte pad is.

In die aande wat volg, sal ons ’n bietjie van naby kyk na wat dit vir die psalmdigter beteken het om na God se paaie terug te keer en wat hom gehelp het om seker te wees dat hy op die regte pad is.

Vanaand kyk ons ’n bietjie wat dit is wat hom so verdwaald gelaat het, amper heeltemal koersloos. Uit Psalm 25 lyk dit asof daar ernstige dinge van buite af was wat hom diep onseker gemaak het en hom met ’n gevoel van koersloosheid gelaat het. Maar daar was ook dinge van binne wat hom van koers af gebring het.

Moeilikheid van buite en van binne

As ons nou nagaan watter dinge van buite en van binne hom so verdwaald gelaat het, sal ons dalk beter verstaan waarom Psalm 25 ’n klaaglied is.

Maar kom ons dink eers na oor ons eie lewens en hoe herkenbaar die ervaringe van die psalmdigter is, al het hy eeue voor ons gelewe. Die herkenbare is dat ons sélf ook baiemaal in situasies beland waartydens ons van buite af bedreig voel en van binne allerlei woelinge ervaar. By die werk, soms, in die kerk van alle plekke, en in die samelewing kry ’n mens soms die gevoel dat daar mense is wat snaaks optree en selfs partymaal ’n soort vyandigheid openbaar. En as die gevoelens van bedreiging nou ook nog gepaard gaan met ’n mens se emosies van hartseer en angs, dan is die gevaar groot om die pad heeltemal byster te raak. Baiemaal is daar in ’n kerk, of in ’n gemeenskap, of selfs in ’n land dinge wat mense so onseker maak dat hulle ’n bietjie verdwaas gelaat word. Waar mense nie seker is of hulle dalk te negatief of te positief oor die situasie in die land praat nie, of selfs nie eens meer weet of hulle iets daaroor mag sê nie, weet ’n mens sommer dat daar ’n behoefte aan ’n koersaanpassing is.

Moeilikheid van buite

Vir die psalmdigter Dawid was sy situasie taamlik konkreet. In sy klaaglied gee hy ’n duidelike beskrywing van die dinge van buite wat hom van stryk gebring het. Uit sy woordgebruik kom ons agter dat daar vyande is wat sy lewe bedreig. Herhaaldelik verwys hy na hulle met die beskrywing dat hulle hom met ’n gewelddadige haat haat. Hulle oogmerk is om hom tot ’n val te bring en daarom stel hulle ’n strik vir hom. Hulle hang ’n vangnet uit en grawe ’n put. Sy kop hang.

Moeilikheid van binne

Nie alleen is daar die bedreiging van buite nie, maar binne-in die gemoed van die psalmdigter is daar ook allerhande woelinge. Dit is waarskynlik so dat die gevaar van buite 'n ernstige traumatiese toestand by Dawid veroorsaak het. Sy diepste vrees is dat hy ernstig in die verleentheid kan beland. Hy is bang om uitgevang te word dat hy per slot van rekening tog nie so sterk en standvastig is soos wat hy sou wou voorgee nie. En hierdie vrees om in die verleentheid te kom, maak hom eensaam en veroorsaak ondraaglike stres. Dit lei tot 'n diepe hartseer by Dawid.

'n Klaaglied, **'n** evangeliese lied

Dis hierdie werklikheid van dreigende gevaar van buite en 'n intense gekneldheid binne-in Dawid wat die meeste kommentators oor Psalm 25 daartoe bring om die psalm as 'n persoonlike klaaglied te sien. Vir ons moderne mense is dit half moeilik om te verstaan wat 'n klaaglied is. Ons verbruikerskultuur vereis van ons om so min of meer altyd opgewek en vrolik te wees, al is dit dan ook op 'n oppervlakkige manier. Ons eie Gereformeerde tradisie laat soms weinig ruimte vir die klaaglied, omdat ons alles op 'n rytjie moet plaas en moet uitredeneer met ons koppe. Enige geloofsbelewenis wat net ietwat snaaks lyk, word as onaanvaarbaar afgemaak. Miskien moet ons tydens hierdie week van gebed net weer 'n bietjie nadink oor die behoefte daaraan om soms maar met 'n klaaglied voor God te kom: oor onsself; ons kinders; ons kerkfamilie wat tog so sukkel om in eenheid, versoening en geregtigheid aan God gehoorsaam te wees; oor ons land en sy mense; oor moederaarde wat op 'n gewelddadige manier geplunder word; oor die wêreld. Die klaaglied self is ten diepste 'n evangeliese lied waarin die kiem van die verlossing en die uitkoms reeds aanwesig is. Soos in die boek Klaagliedere *(3:23, NLV)*, waar een van die mooiste tekste in die Bybel staan: "*Op U ontferming kan 'n mens altyd vertrou. Dit is elke môre nuut.*"

Dit maak daarom ook baie sin dat mense wat die Psalms op 'n ernstige manier bestudeer, praat van psalmboeke waarin hulle dan sekere psalms saamgroepeer. So byvoorbeeld word Psalms 25 en 34 sterk met mekaar in verband gebring, nie alleen omdat albei volgens die Hebreeuse alfabet gestruktureer is nie, maar omdat die een 'n klaaglied is en die ander een 'n danklied. Die klaaglied is dus nie 'n soort verstarring nie, maar eintlik die voorspel tot die danklied. As 'n mens byvoorbeeld ook na Psalm 29 kyk, wat deel uitmaak van die versameling van Psalms van 25 tot 34, dan word die prentjie baie interessant. Psalm 29 is 'n loflied waarmee die volgende prentjie na vore gebring word: klaaglied, loflied, danklied. Dit is dan ook die interessante pad wat ons tydens die week van gebed loop: om te sien hoe die klaaglied verander in 'n loflied en oorgaan in 'n danklied!

2. Die hangende kop gelig om God te sien

Mense wat die Psalms bestudeer, lê 'n verband tussen die eerste vers van Psalm 25 en van Psalm 123. In beide gevalle is daar die gedagte dat die oë met verwagting op God gerig word, of dat die kop hoog opgelig word as 'n manier van lofprysing. Dis 'n soort gelowige houding waarmee die digter die oë wend van die onmiddellike gevaar en na God opsien. Hiermee kom daar 'n belangrike moment in Psalm 25 na vore waar die digter in een asem met gebed, lofprysing en aanbidding voor God kom. Die dieptepunt is dat hy, al is hy verdwaald en in groot moeilikheid, nie vervaard rondkyk om te sien of daar nie iewers iemand kom om hom te hulp te snel nie, maar dat hy sy blik op God werp. Sy hele wese is op God gerig. Alles speel saam. Sy oop hande wat in verwagting tot God opgehef word, sy oë wat in die beeldspraak van Psalm 123 soos dié van 'n diensmaagd of 'n dienskneg op God gerig is. Daar is geen sprake daarvan om op menslike sekerhede soos 'n roemryke herkoms, status of materiële goed terug te val nie. Sy hele lyftaal sê dit: Here my verwagting is van U.

Dis betekenisvol dat Psalm 25 een van die Psalms is waar die Hebreeuse alfabet gebruik word om dit struktuur te gee. Een van die eenvoudige verklarings wat hiervoor gegee word, is dat dit 'n manier is om 'n mens te help onthou. Dwarsdeur die psalm is daar 'n refrein, 'n herhaling in sy klaaglied: *Here laat my tog nie vergeet dat U van A tot Z (in terme van ons eie alfabet) 'n getroue Verbondsgod is nie.* Die groot kerkhervormer Calvyn meen dat ons maklik kan dink dat Dawid in Psalm 25 eintlik 'n bietjie spog oor hoe hy homself volledig aan God gewy en aan God geoffer het. Nee, sê Calvyn, Dawid se hoop dat God sou antwoord, was nie hierop gevestig nie, maar sy hoop was op God gerig. Dawid sou hom nie deur die verleidelikhede van die wêreld in 'n strik laat beland nie. Hy sou sy gedagtes nie deur allerhande onsekerhede wat skyn hoop bied, van stryk laat bring nie. Hy sou nie op wêreldlike hulp en ondersteuning staatmaak nie. Nou, en in die toekoms, sal hy voortdurend sy hulp by God soek.

Die versoeking van verontskuldiging

Baiemaal, wanneer ons in ernstige moeilikheid beland, is die versoeking groot om een van twee dinge, of dalk albei, te doen. Die een ding is om rond te kyk of daar nie tog iets gebeur of iemand na vore kom wat kan help nie. Die ander ding is om God se arm te probeer draai op grond van hoe toegewyd, hoe getrou en hoe offervaardig ons is. Ander kan selfs hierdie ding by ons versterk deur saam te kerm en te kla oor hoe onregverdig dit is dat só 'n goeie man of vrou sulke verskriklike dinge moet oorkom. Ons kan ook die pap nog dikker aanmaak deur rond te loop en hulp te soek by mense en deur ons te beroep op ons getrouheid aan die Here. Daar is uiteraard niks daarmee verkeerd om

in spesifieke omstandighede met 'n goeie vriend, 'n familielid, die predikant of 'n sielkundige te gaan praat nie. Dis selfs nie eens verkeerd om positief te voel oor ons begeerte om aan God gehoorsaam te wees en ons selfs dieper aan Hom toe te wy nie. Dawid se ervaring is egter dat baie van die dinge op niks uitloop nie of dat hulle nie blywende sekerheid gee nie. Dis daarom dat hy op God alleen terugval. En daarom draai hy sy oë weg van die dinge en die mense rondom hom. Die oomblik dat hy die dinge rondom hom en in hom 'n kleiner profiel verleen, verskyn God lewensgroot voor hom.

'n Gebed dat God die sluier sal lig

Wat die psalmdigter daarom van God vra is niks minder as 'n openbaring nie. God moet die sluier lig sodat hy duidelik kan sien wat God se wil vir sy lewe is. Maar selfs al maak God die boek vir hom oop of al verwyder God ook die wasigheid van die venster, moet God hom steeds nog seën met onderskeidingsvermoë. Hy is so verdwaald en indien God hom nie help om helder en duidelik te sien watter pad hy moet loop nie, kan hy dalk nog verder verdwaal.

In die verwarring van ons eie situasie is die grootste gawe wat ons miskien van God nodig het die vermoë om te kan onderskei en te verstaan wat God se wil vir ons lewe is. As daar moeilikheid in ons persoonlike lewe is of in die gesin, as politieke verwarring en morele verval dreig om die nasie heeltemal droomloos te laat, as ekonomiese resessie mense bangmaak vir die toekoms, as die armes arm bly en die werkloses werkloos, watter pad moet ons loop? Want die openbaring wat Dawid van God vra, die uitklaring waarvoor hy bid, het nie soseer te doen met kopkennis nie – dit het nie soseer te make met tegniese kennis en die vermoë om alles netjies en met keurige woorde uiteen te sit nie. Nee, dit het veelmeer te doen met die bede in Sionsgesang 266 wat lui: *"O God, so groot en ryk aan krag, wat geen verslae hart verag, wat moet ons doen? Wat is u wil? Gebied ons Heer, ons volg u stil."*

Mense wat hul oog op God rig, wat 'n openbaring van God vra, wat die gawe van onderskeiding begeer en daarvoor bid, moet bereid wees om te volg. Want waarvoor Dawid vra in Psalm 25:4 is 'n lewe of 'n lewenspad van heiligheid en geregtigheid. Vers 4 is eintlik 'n bede, op grond van God se eie beloftes, om agter Hom aan te loop en nie links of regs af te wyk nie. Dis 'n bede om niks op 'n holderstebolder manier te doen of om van ontoelaatbare middele gebruik te maak om sukses te behaal nie, maar om hom volledig op die trou en sorg van die Here te verlaat. Die belangrike ding waarvoor Dawid bid, lyk dit, is dat hy in sy moeilikheid nie ongeduldig moet word en dink God vat te lank nie. Of erger nog, dat hy dalk wraakgedagtes teen sy vyande sou koester. Hy bid dat hy homself eerder volledig aan die leiding van die Here sal onderwerp. Dis opvallend hoeveel maal die gedagte aan die beloftes van God in die Psalm voorkom. God se beloftes in watter vorm ook al is die bron van sy vertroue en daarom bid hy dat, wat ook al mag gebeur, God hom sal bewaar van dwaling en om van die regte pad af te wyk.

'n Bede: wys ons hoe om te werk te gaan

Vir ons as mense is dit partymaal erg moeilik om te weet watter koers om in te slaan as die moeilikheid wat ons van buite en van binne bedreig, nie weggaan nie. Wat stories soos dié van Dawid aan ons doen, is dat dit vir ons ruimte maak om op 'n ander manier, 'n núwe manier dalk, oor ons situasie na te dink. As Dawid met al sy wonderlike vermoëns en profetiese gawes, met al sy wysheid, dan so totaal verlore was dat slegs 'n openbaring hom nog sou kon help, hoeveel te meer

het ons nie ook nou 'n behoefte aan 'n duidelike koersaanduiding van God nie? In Suid-Afrika nou, met allerhande donkerwolke wat oor ons persoonlike, kerklike en gemeenskapslewe toesak, is daar 'n behoefte aan die lig van God se waarheid om oor ons te skyn. Al sou dié lig ons dan ook platslaan soos vir Paulus op die Damaskus-pad. Solank dit God se eie lig is, Jesus die lig van die wêreld wat ons weer op sal rig en ons sal help om te weet watter pad ons agter Hom aan moet loop. Dawid se bede dat God hom tog die pad sal wys wat hy moet loop, kan ook verstaan word as 'n bede dat God hom wys hoe hy te werk moet gaan. As ons bid, as ons die oog op God rig, as ons voor Hom met lofprysing en aanbidding kom, sal Hy ons uit genade wys hoe ons te werk moet gaan.

3. Die oog gerig op God se koersaanwysers

Een baie treffende aspek van Psalm 25 is die besef van die psalmdigter dat 'n eenmalige, skielike en dramatiese openbaring nie voldoende is nie. Nee, hy bid dat God hom aanhoudend sal herinner en sal wys watter pad hy moet loop. Dis asof hy bid: Gee my tog tekens. Gee my tog bakens. Gee my tog koersaanwysers. Om op hierdie wyse tekens of bakens van God te vra is heeltemal anders as om op 'n ydele manier tekens van Hom te vra terwyl ons die grootste tekens wat Hy reeds gegee het, totaal verontagsaam. In 'n situasie waar daar taamlike verwarrende bontpratery is, waar mense al die regte dinge sê en vervolgens dan al die verkeerde dinge doen, is dit uiters belangrik om te weet wat God se tekens is.

In Psalm 25 is daar belangrike aanwysings oor die pad wat geloop moet word. In 'n situasie soos ons s'n in Suid-Afrika met die misverstand tussen mense, die verdraaiing van die waarheid, verkondiging van leuens, die hardheid van die lewe en die gebrek aan sorg vir mekaar, die verdraaiing van die reg en vriendjiespolitiek, is dit uiters belangrik om koersaanwysers te hê. In Psalm 25 is waarheid, goedheid, sorg en besorgdheid, opregtheid, om reg te doen en integriteit die padtekens wat God gee.

Die waarheid as kompas

Die waarheid van Psalm 25 kom na vore nie as 'n soort leerstelling of 'n groot filosofiese slimmigheid nie, maar as iets wat deur God gedoen word. Die gestalte van die waarheid in Psalm 25 is dat God Dawid nie in verleentheid laat kom nie. God gee hom nie aan sy vyande oor nie. God laat Homself nie onbetuig nie. Want die grootste waarheid wat God ooit sou doen, was om Jesus te gee: die Weg, die Waarheid en die Lewe. Hy sou kom wys hoedat die waarheid gestalte kry waar mense se sondes vergewe word, waar hongeriges brood kry, waar die kleines op 'n verhogie geplaas word, waar mense in hulle menswees herstel word en waar mense genesing kry van allerhande ongemaklikhede. Dis dié waarheid wat ons in Suid-Afrika uiteindelik vry sal maak.

In Psalm 25 is daar 'n verband tussen God se waarheid en God se goedheid. Die goedheid van God maak duidelik dat die waarheid van God nie 'n dogmatiese ding is waarmee God sy mense belas nie. Die waarheid van God is nie in die eerste of in laaste plek 'n straffende waarheid nie, maar 'n reddende waarheid.

Goedheid is hoe God is

Waarheid is iets wat mense vry moet maak sodat hulle self iets van God se goedheid in die wêreld kan sigbaar maak. Die goedheid van God kom veral daarin na vore dat Hy sondaars nie uitwerp nie, maar hulle eerder uit genade touwys maak oor die pad wat hulle moet loop. Die goedheid van God kry veral daarin gestalte dat Hy sagmoedige en nederige mense reg en geregtigheid laat toekom sodat hulle die weg kan betree wat Hy vir hulle gebaan het. Hierdie is nie swak, ruggraatlose en beginsellose mense nie, maar mense wat weet hoe afhanklik hulle van God is. En daarom sal hulle met allerhande geestelike en materiële seëninge geseën word.

Calvyn wys in sy uitleg oor die waarheid en goedheid van God daarop dat die bevestiging van Dawid oor die opregtheid van God, aan hom nuwe krag verleen het en hom in staat gestel het om deur te druk en nie toe te laat dat die vlammetjie van hoop wat in hom gebrand het, totaal uitgeblus word nie. Maar om aan God 'n goedheid en opregtheid toe te dig wat net bedoel is vir dié wat waardig is of wat dit verdien, is 'n koue seining van wie God is. Die goedheid en opregtheid van God kom juis daarin tot uitdrukking dat Hy sy hand uitsteek na mense wat sy doel met hulle lewens gemis het sodat Hy hulle weer op koers kan bring.

God se sorg en besorgdheid

Ten diepste word God se goedheid en opregtheid gedra en gevoed deur sy liefde. In party Engelse en Amerikaanse vertalings van die Bybel word God se liefde en trou wat in verse 6 en 10 voorkom, vertaal met 'n amper ouderwetse woord, "loving-kindness". God se goedheid is 'n baie spesiale soort goedheid: Hy is goed vir mense, omdat Hy lief is vir mense. Die Hebreeuse woord wat hier met "loving-kindness" vertaal word, is "chesed". Hierdie "loving-kindness" van God kom dan veral tot uitdrukking in sy verhouding met die armes en die bedroefdes of gekneldes. In die konteks van Psalm 25 het dit veral die betekenis daarvan dat God uitkoms bied en steeds sal sorg. Diegene wat dus in nederigheid voor God kom en hulle vertroue op Hom plaas, sal ervaar met hoeveel sorg God sy kinders bejeën.

Integriteit en opregtheid

Dis dié sorg van die Here wat mense in staat stel om self ook regop te staan en met integriteit voor God en ander mense te lewe. Dis dié soort sorg wat vir Dawid, en vir ons, in staat stel om nie 'n romantiese onwerklike geloof, soos Brueggemann sê, na te jaag nie, maar om met 'n soort onskuld, in gebrokenheid te aanvaar dat die lewe donker kante het. Dis dié soort sorg wat ons help om in opregtheid voor God en ander mense te lewe en waardeur God vandag steeds God is te midde van verwarring en koersloosheid. En dis dié soort geloof wat tot 'n nuwe siening van God lei en ons nuwe beelde oor die genade van God laat sien, nie beelde wat nou daar is en straks weer verdwyn nie, maar beelde wat standhou deur moeilike en gevaarlike tye heen.

Daar is reeds lankal in Suid-Afrika op verskillende plekke en op verskillende maniere gesprek oor die behoefte aan 'n morele wedergeboorte. Dis die behoefte wat mense aanvoel dat daar na die ou bakens teruggekeer moet word. Dis dié mylpale wat God self behaal het soos liefde, geregtigheid, vrede, versoening, sorg, eerlikheid en integriteit. Kom ons bid dat God ons in ons persoonlike lewens, in ons gesinne en in die gemeenskap sal seën met sy waardes en beginsels. Dalk sal ons vind dat dié dinge voorlopig eers belangriker is om die land te red as groot beleggings uit die buiteland om groot ekonomiese groei aan te help.

4. **'n** Onontbeerlike stilhouplek op God se pad

Wanneer 'n mens van buite bedreig word deur vyande – in Psalm 25 word dit beskryf as mense wat Dawid met 'n felle haat bejeën en selfs moord teen hom beplan met die gevolg dat hy na binne 'n gevoel van eensaamheid en hartseer ervaar – kan 'n mens maklik die vermoë tot selfondersoek verloor. Dawid kon maklik gedink het dat sy ellende 'n goeie verskoning is om nie ook nog oor sy eie skuld en sonde na te dink nie. Hy kon maklik gedink het: Ek is eintlik tog so 'n goeie mens en probeer so hard om reg voor God te lewe, dat God seer sekerlik nie van my verwag om nou ook nog oor my eie sonde na te dink nie. Calvyn meen dat die bede in vers 21 oor integriteit en opregtheid of onskuld en opregtheid op die volgende manier verstaan behoort te word. Dat God Dawid sou bewaar van enige wraakgedagtes of onwettige optredes op grond daarvan dat hy nooit beledigend teenoor ander opgetree het nie en homself van bedrog en geweld weerhou het.

Die oomblik van inkeer

Een van die grootste oomblikke in Psalm 25 is Dawid se gebed om sondevergifnis. In die Psalm kom die skuldbelydenis en gebed om vergifnis nie as 'n skielike opflikkering na vore wat vinnig weer verdwyn nie. Soos 'n refrein klink dit in Psalm 25: *"vergewe my oortredinge, vergewe my sonde, vergewe tog al my sondes"*. Dis ongelooflik wonderlik dat Dawid ten spyte van al sy moeilikhede van buite en van binne nie daarvan wegskram om diep in sy eie hart te kyk nie. Hy kyk diep en ver. Dit gaan nie net maar om die sondes van nou nie – Dawid gebruik twee woorde vir sonde wat in die Bybel iets beteken soos om God se doel vir jou lewe mis te loop en om teen God in opstand te wees. Nie net nou nie, maar in die verlede, in sy jeug (wie het gepraat van die onskuld van die jeug?), het hy nie altyd op God se pad geloop nie, maar sy eie koers gekies.

Die onontbeerlike stilhouplek

Hier kom ons by 'n onontbeerlike stilhouplek op God se pad. As ons nie vir 'n oomblik stilhou, nadink, bid en bely nie, kan die pad dalk vir ons te veel word. Maar kom ons dink net eers na oor die maniere waarop ons onsself sou kon verontskuldig. As goeie getroue kerkmense wat mooi, fatsoenlike en burgerlike lewens lei, sou ons dalk verbaas kon wees oor enige wenk of gedagte om tot skuldbelydenis te kom. As mense wat iets oor het vir ons naaste en meen dat ons die reg aan ons kant het, dat ons staan vir geregtigheid en vrede, dat ons teen korrupsie gekant is en die morele verval in die land betreur, kan ons maklik wonder of daar iets is waaroor ons sleg hoef te voel. As ons boonop nog in ons eie lewens allerhande moeilikhede ervaar – soms verneder voel deur ander, soms bang, soms eensaam – kan dit miskien nog moeiliker wees om te verstaan waarom ons enige selfondersoek hoef te doen.

Uit Psalm 25 is dit duidelik dat Dawid nie die koers na God se paaie sou terugvind sonder dat die blokkasie in sy eie lewe verwyder word nie.

Baiemaal dink ons dat dit die bedreiginge van buite is wat ons verdwaald en koersloos laat, terwyl die hindernis hier diep in onsself bly. Ons bid, maar dit lyk asof God nie hoor nie. Is die soeke na vergifnis nie die beginpunt vir 'n nuwe reis oppad met God nie? Calvyn vra: Hoe kan God ons liefhet tensy Hy ons eers met Homself versoen? Die moeilikste en pynlikste ding om soms te erken is dat

wat oor ons kom nie in die eerste instansie toe te skryf is aan vyande wat op ons bloed lê en loer nie, maar aan ons eie skuld. Die groot insig waartoe Dawid gekom het, is dat die eerste oorsaak van sy ellende nie die bedreiging van buite was nie, maar sy eie skuld en sonde. Hy bely daarom sy sonde nie op 'n huigelagtige manier in vae en algemene terme nie, maar hy gaan selfs op sy kinderdae terug. Geboë onder die opgehoopte sonde van jare het Dawid geweet dat daar slegs een uitweg was: om sy redding, sy bevryding, sy genesing by God te soek.

In ons eie gesukkel om antwoorde te vind op dinge wat van buite af die lewe vir ons moeilik maak, hoe werklik die dinge ook al mag wees, loop ons die gevaar om by dié plek waar ons eintlik vir 'n oomblik moes stilgestaan het, inderhaas verby te gaan. Dis vroeg in die nuwe jaar, die gejaag van 'n nuwe jaar by die kantoor of op die fabrieksvloer het nog nie begin nie. Dalk moet ons net tot rus kom en nadink oor God, Jesus, die Heilige Gees en oor onsself. En miskien help die herinneringe uit ons kinderdae aan stilhouplekke langs die pad in die omgewing van dorings en distels en rommel wat deur onverskillige reisigers gestrooi is, maar verder ook: dat die stilhou lafenis gebring het en nuwe moed vir die pad wat voorlê.

Vergeet om te onthou, vergeet om te vergeet

Dawid se gebed om vergifnis het twee dimensies. Hy bid eerstens dat God sal vergeet om te onthou en dan bid hy dat God sal vergeet om te vergeet. Sy gebed om 'n goddelike vergeetagtigheid is 'n gebed dat God nie die dwaling van die verlede in herinnering sal roep nie. Tydens hierdie week van gebed waarin ons dalk die moed bymekaar kan skraap om in die spieël of siel te kyk, wil ons dalk eweneens bid dat God tog nie ons eie dwaling, ons eie dwaasheid sal onthou nie. Het u al ooit gebid: Here, vergeet tog om te onthou?

Maar Dawid bid ook dat God sal vergeet om te vergeet. Daarmee beroep hy hom op die goddelike herinnering: Hou tog in gedagte dat U Naam Jahwe is, die God wat onveranderlik bly in sy trou en liefde; hou tog in gedagte dat U die goeie God is wat ondubbelsinnig die goeie vir mense wil. Dink tog aan die teerheid van u sorg en die onfeilbaarheid van u liefde. Herhaaldelik doen Dawid 'n beroep op die verbond. U is tog 'n God wat van die begin af geweet het watter risiko dit is om met mense in 'n verhouding te tree. Desnieteenstaande het U met mense 'n ooreenkoms gesluit waar U self albei kante van die ooreenkoms moet nakom. Dis asof Dawid bid dat God sy eie mylpale nie sal vergeet nie en die ou bakens sal herbou.

Slegs wanneer God na vore tree as die God van die herinnering, wat nie vergeet hoe goed Hy in die verlede vir mense was nie, pas dan vind die psalmdigter vergifnis en genesing. Meer as dit, die ou, ou beloftes aan Abraham oor voorspoed en seën vind vervulling in die nuwe belofte van voorspoed en landgebied. Waar Dawid self diep in die knel gesit het, in die noute, maak God Homself bekend as dié Een wat ruimte maak vir mense.

As ons in hierdie land onsself weer een vir een voor God verootmoedig met skuldbelydenis, sal die God van die belofte, die God van herinnering, die God van genade, die God van ruimte ook hier en nou vir ons nuwe weë baan en ons met voorspoed seën. Sodat ons nie sal vergeet langs watter pad God ons gelei het nie en dat ons uit diepe dankbaarheid vir wat ons gekry het, nie die glas water en die stukkie brood van die ander sal terughou nie. Maar veel meer as dit, dat ons genade sal kry om

te vergewe en nie voordurend die ander se skuld teen hom of haar sal hou nie, maar saam genesing sal vind van al ons slegte herinneringe.

“Maak my u weë bekend”
Psalm 25:4

(Ds Victor Pillay)

1. ’n Gebed om leiding
(Psalm 25: 1-7)

Inleiding

Hierdie Psalm handel oor hoe ons ons gebedsversoeke tot God behoort te rig. Ons doen dit deur middel van meditasie of ’n gerightheid op God. Anders gestel, beteken dit ook dat ons op God wag of dat ons sy aangesig soek of, soos in vers 1: “Tot U, o Here, hef ek my siel op.” Soos die titel aandui, weerspieël hierdie verse die Psalmskrywer se pleidooi aan God. Dit woord pleidooi (of oproep) is ‘n eerlike, opregte en dringende versoek. In die meeste gevalle is dit ‘n pleidooi wat kom uit ’n desperate situasie of omstandigheid. Maar ons sien dat hierdie pleidooi ‘n spesiale doel het; dis ’n soeke na leiding. Daar is inderdaad ‘n paar belangrike vrae wat spruit uit ’n poging om hierdie teks te verstaan.

- Waneer het ons God se leiding nodig?
- Is God se leiding nodig?
- Pleit ons regtig by God om leiding?
- Hoe kan ons God se leiding vir onsself, ons mense, die kerk en ons volk aanwend?

Ons gaan probeer om hierdie vrae in ons uiteensetting van Psalm 25: 1 – 7 te beantwoord.

1. Wanneer het ons God se leiding nodig?

In die Nuwe Lewende Vertaling se weergawe van verse 2 – 3 worstel die Psalmskrywer met kwessies soos “beskaamd”, en hoe om sy “vyande” te hanteer. Die woord “beskaamd” verskyn 3 maal. Is dit nie so dat ons heeltyd aan “skaamte” blootgestel word nie? Die eerste keer wat die mens hom geskaam het, was natuurlik toe Adam en Eva gesondig het en hulself en hul hele nageslag “beskaamd” gelaat het. Daardie skande is deur God self bedek. Dus maak ons nou die eerste keer kennis met skande, deur Christus wat die skande van sonde vir ons oorwin en ons daarvan verlos het. Christus het die skande aan die kruis op homself geneem toe Hy sy liggaam, sy siel en sy gees ontbloot het. Dus verklaar vers 2: “My God, op U vertrou ek.” Ons het God se leiding nodig om die skande van verlore wees en van ons eiewysheid in hierdie wêreld te kan hanteer. Kan ons God vertrou om ons as individue te help om die skande van sonde te oorwin?

2. Is God se leiding nodig?

Ja! Natuurlik is dit! Die Psalmskrywer verwys in hierdie verse na die “sondes en oortredinge van my jeug”. Liewe broers en susters, weerspieël ons kerk, ons gemeenskappe, ons volk en ons wêreld nie hierdie sondes en rebelsheid wat so duidelik uit elke vlak van ons lewe en ervaring blyk nie? Ons visuele en geskrewe media is oorlaai met stories en insidente van al hierdie sondes en

weerspannighede. Sal die kerk opstaan en daardie baken van hoop wees? Het die kerk en die Christen ‘n rol te speel in ons gemeenskap? Waar is die kerk en die Christen? Ons Christelike invloed, ons benadering en ons manier van lewe, moet ‘n verskil maak in hierdie situasies en onder ons mense.

Die antwoorde wat ons soek, kom in vers 4 – 5, wanneer die psalmskrywer God baie pertinent om hulp vra. Hy glo in en aanvaar God se vermoë om dit te doen. Hy vra: “Here, maak my u weë bekend; leer my u paaie” en “Lei my in u waarheid en leer my.” Gaan ons ook hierdie antwoord op ons oproep om leiding vir onsself, ons kerk, ons mense, ons volk en ons wêreld aanvaar? Ons kan die instrumente wees van God se wil, God se weg en God se waarheid. Het ons wêreld dan nie God se wil, weg en waarheid nodig nie? Ons het geen ander antwoord op hierdie oproep om leiding nie. Mag ons getrou wees aan ons teks en aan God se opdrag: om Sy liefde, genade en goedheid uit te dra.

3. Pleit ons werklik by God om leiding? Hoe kan ons God se leiding vir onsself, die kerk en ons volk aanwend?

Hierdie uitdagings spoor die psalmskrywer aan tot ’n diepe gebedsbelewenis of sin van Gebed. Dit is ‘n gebed van vertroue. Want ons verstaan uit ons teks dat gebed die enigste wapen teen die magte van die bose is. Daar is 3 belangrike fasette aan die feit dat hierdie pleidooi om leiding die vorm van ’n gebed aanneem.

Die eerste is dat dit uit die hart kom, soos ons vind in vers 1: “Tot U, o Here, hef ek my siel op.” Lig ons waarlik ons siele op wanneer ons bid? Vir ons begrip is die siel die middelpunt van ons bestaan. Daarom begin die intensiteit van ons gebede hier.

Tweedens moet ons gebed om leiding een van vertroue wees. Dit lyk asof die vraag van vertroue in ons wêreld in die weegskaal hang. Maar ons kan "op U vertrou". Dit neem ons na ‘n nuwe vlak van die verstaan van vertroue: God reageer op ons vertroue in Hom.

Derdens bevat ons gebed ook ’n mate van verwagting. Verse 6 en 7 begin met die woorde “dink” (aan my), m.a.w. Onthou van my! Dit kom selfs ’n derde keer voor. Dit beteken egter nie dat ons God daaraan hoef te herinner nie. Hy antwoord wel ons gebede, soos almal van ons kan getuig.

Dit bring ons by die punt waar ons hierdie geloof, wat God se leiding soek juis omdat Hy God is, nou beter verstaan. God sal met sy genade, liefde, vergifnis en goedheid antwoord op ons oproep om leiding. Sal ons as kerk voortgaan om God se leiding vir almal in die gemeente te soek, te vertrou en deur gebed te vra? Hierdie leiding is nodig waar daar geen leiding of koers vir ons mense, ons jeug en ons kinders is nie. God se leiding is daar en dit is beskikbaar. Laat ons dit dus ontvang en gebruik vir die groei, ontwikkeling en versterking van ons geloof, ons lewe en ons bediening. Amen.

2. Die goedheid van God wys ons die weg
(Psalm 25:8-15)

Inleiding

Die verstaan van goed en kwaad is vir ons in hierdie wêreld 'n konstante uitdaging. Dis 'n debat wat ook 'n aktiewe plek op die agenda van die kerk inneem. In ons besprekings op verskillende vlakke word van ons verwag om te onderskei tussen goeie reëls, idees, boodskappe, besluite, aspekte van die bediening en kerklike praktyke. Is die mens inherent goed? Wat van die kwaad wat daar in ons is? Waar kom dit vandaan, en hoe hanteer ons dit alles? Ons besin dikwels oor óf die goed óf die kwaad. Die kwade is dit wat vir ons in die kerk 'n uitdaging is. Ons ken en verstaan Bybelse norme en standaarde. En tog weerspieël die lewe in wat ons 'n oorwegend Christelike land sou noem, dit nie. Is daar iets intrinsieks verkeerd met die Christen en die kerk? Sal die goedheid van God 'n verskil maak vir die kerk en sy mense? Hoe ontvou die goedheid van God in ons lewens en maak dit 'n verandering in ons lewe?

1. Die goedheid van God sal ons sekerlik help

Ons teks in vers 8 sê: "Die Here is goed en reg." Dan lees ons verder "daarom". Dit is 'n aanduiding dat die goedheid van God ons instinktief leer en lei. Omdat ons sondig is, is ons nie seker wat die regte pad is nie. Dit blyk duidelik uit die lewe soos ons dit ervaar. Sal 'n goeie God sondige mense help? Die psalmskrywer beklemtoon hierdie grootse eienskap van God. Die Here oortref ons verwagtinge. Dit is waarom Hy goed is. Dit is waarom Hy God is. Maar dit is nie logies nie. Dit druis reëlreg teen alle menslike logika in – dat 'n God wat eerlik en opreg in al sy weë is, kontak maak met sondaars. God doen meer as om slegs kontak te maak; Hy doen sy uiterste bes om sy goedheid vir ons te wys. Hy dui vir sondige mense die weg aan.

2. Voorwaardes om die goedheid van God te ervaar

Daar is egter voorwaardes wat nagekom moet word voordat ons die goedheid van God kan ervaar. Vers 9 sê vir ons dat hy die "ootmoediges" sal lei in die reg en hulle sy weg sal leer. Ootmoed (nederigheid) van ons kant af raak God se hart. Ons kan sy goedheid ervaar deur ootmoedig te wees. Is dit 'n uitdaging om ootmoedig te wees? Het ons so ver wegbeweeg van die vrugte van die Gees

dat dit nie meer deel van ons Christelike samestelling is nie? Mag die Here ons teruglei na hierdie punt van ootmoed. Die kerk en sy evangeliebediening moet weer hierdie punt bereik.

Ten tweede word van ons verwag om te hou by die verordeninge van die verbond. Vir ons beteken dit die verbond van sy Woord. Dit is belangrik om te besef dat dit gaan oor die opdrag wat aan ons gegee word. Wat staan uit as uitdagings om hierdie opdrag te gehoorsaam? Dit dui aan hoe ons op hierdie opdrag reageer. Baie van ons aanvaar die goedheid van God as vanselfsprekend.

Ten derde word van ons gevra om God te vrees (verse 12 & 14). Hierdie vrees gaan nie oor bang of getraumatiseerd wees nie. Hierdie vrees gaan oor respek en eerbied vir God. En slegs dan sal God so 'n persoon "leer aangaande die weg wat hy moet kies". Die psalmskrywer gaan voort (vers 14) deur te sê dat God aan diegene wat Hom dien, sy "verborgenheid" sal gee. Verborge beteken iets wat geheim is, wat weggesteek word. Om God se verborgenheid te mag ontvang, beteken dat Hy ons genoeg vertrou om ons in sy diepste wese in te laat. 'n Mens vertrou slegs iemand wat met jou eerlik sal wees, wat integriteit het. Sien God hierdie eienskappe in ons?

Ja, my liewe broers en susters, die voorwaardes van ootmoed, nakoming van die verbond en vrees is belangrike faktore in 'n mens se Christelike lewe ten einde die goedheid van God te kan ervaar.

3. Die goedheid van God skenk aan ons sy seëninge

Die psalmskrywer dui in verse 13 en 14 aan dat daar groot seëninge en vryheid in die goedheid van God opgesluit lê. Die seëning om die goedheid van God deur sy voorsiening te geniet, is 'n voordeel van 'n God se goedheid. Hoe dikwels vergeet ons nie wie die bron is nie. Ons kyk eerder na ons persoonlike wins en prestasies. Laat ons onthou dat die goedheid van God altyd byderhand is.

Daar is ook die belofte van grond ("land"). Die grond- en eiendomskwessie is 'n delikate maar belangrike aspek van ons Christelike ervaring. Sal die Christen hierdie vangnet kan vermy? Ja, maar net as ons oë op die Here gerig is, soos aangedui in vers 15.

Ons sien in dit alles dat die goedheid van God afhang van ons verhouding met hom. Miskien moet ons onsself afvra wat en waar ons verhouding met God is. Tot dusver in die teks van Psalm 25 is daar 'n vordering na 'n intieme verhouding tussen God en sy volk. Daar is 'n ontwikkeling van hierdie intimiteit wat lei tot die beloftes van vergifnis, leiding, sekuriteit, vriendskap en verlossing. Dit alles spruit egter uit 'n gesindheid van skuldbelydenis, geloofsbelydenis, eerbied en afhanklikheid.

'n Mens ervaar die goedheid van God nie as 'n daad van die afhanklikheidsindroom nie, maar as 'n relevante deel van 'n intieme verhouding. Om die goedheid van God te ervaar, moet ons leef uit skuldbelydenis, om eerlik, opreg en berouvol te wees. Dit bring die verhouding na 'n nuwe vlak, want skuldbelydenis of geloofsbelydenis gaan oor die moeilike kernkwessies in ons lewe. Gaan ons vrywillig hierdie stap neem?

Ons uiting van eerbied gaan nie net oor aanbidding of iets wat ter wille van winsbejag gedoen word nie. Ja, God se goedheid reageer daarop, maar dit is nooit 'n byvoordeel nie. Dit is in die aard van God om goed te wees en sy goedheid aan ons oor te dra. Is verering deel van my lewe en deel van ons kerklike ervaring?

Die praktyk en ervaring van skuld- en geloofsbelydenis en aanbidding sal verseker dat ons ons afhanklikheid gefokus hou op en by die regte plek. Ja, hier is dit die Here. Maak ons staat op die een wat al die sleutels hou, al die antwoorde het en al die voorsiening maak?

Die voorwaardes waarna vroeër verwys is, is faktore wat ons by die punte van skuldbelydenis/geloofsbelydenis, aanbidding en afhanklikheid sal uitbring. Wanneer ons dit sê en glo, moet ons nie die goedheid van God verwar met blote materiële seëninge nie. Die grondslag vir seëninge is om die goedheid van God te verstaan, te ken, te ervaar en daarmee te leef.

Kom ons laat die Here toe om ons daarheen te lei. Amen

3. 'n Gebed om verlossing
(Psalm 25:16-22)

Inleiding

Om aan te pas by die sentrale tema van "maak my u weë bekend" (vers 4), is die boodskap van gebed om verlossing van kardinale belang vir die pad wat ons as gelowiges en die kerk moet volg. Ons moet hierdie gebed as uitgangspunt gebruik vir verlossing teen die agtergrond van die gewelddadige, korrupte en sondige gemeenskap en wêreld waarin ons woon. Terwyl ons verwyl by die kwessie van verlossing, is daar tans 'n geval van twee kerkgaande jongmense wat in die hooggeregshof tereg staan vir die moord op hul ouers. Die bepalende faktor, soos die saak ontvou, is dat hulle gelei is deur 'n kennis wat die okkulte aanhang en wat beweer hy is die 3de seun van God.

Daar is talle gevalle van bloedjong kinders wat mishandel en vermoor word, van oumas wat gemolesteer en vermoor word. Misdaad, geweld en minagting vir die wet is aan die orde van die dag. Misdadigers word elke dag al meer astrant en roekeloos in die lewe van Suid-Afrikaners. Waar begin dit? Wat dryf mense om dit te doen? Is daar bepalende faktore vir hierdie soort gedrag? Ons teks in vers 19 sê: "Aanskou my vyande, want hulle is talryk, en hulle haat my met 'n geweldidadige haat." Die toename in boosheid en die intense haat is sekerlik deel van ons almal se leefervarings.

Al hierdie dinge klink baie negatief. Dit lyk asof die fokus op boosheid is, en hoe leef ons daarmee saam en hoe hanteer ons dit? Is daar 'n manier uit? Kan iets gedoen word? Wie gaan aandag aan hierdie gruwels? Wat doen die kerk?

1. Wie het verlossing nodig?

The psalmskrywer skep die indruk dat hy vasgekeer is. Die fokus op probleme, teistering, smart, verdriet en sonde beïnvloed sy lewe. Die skrywer voel onderdruk en geïsoleer. Die openhartigheid van die individu kom na vore. Dit is waar ons moet kyk na ons eie sondes. In watter toestand is óns lewe? Hoe sien God ons? Hier word gevra of God na al hierdie persoonlike omstandighede sal kyk. Vers 6 begin met "Aanskou my ellende", 'n aanduiding van 'n doelbewuste en opregte noodkreet om hulp in 'n krisis. Om die vrae van die psalmskrywer te vra oor die toestand van my lewe? Om onsself te sien soos God ons sien? Hier is die noodkreet dat God na hierdie persoonlike omstandighede sal

kyk. Vers 16 begin met "Wend U tot my", wat dui op 'n doelbewuste en opregte noodkreet om hulp in 'n krisis.

Verlossing begin by my. Ons wil dikwels die wêreld en sy mense verander. Ons opregte en eerlike poging om probleme te hanteer, begin by onsself, en nie by die kerk of in 'n openbare sfeer nie. Die woorde "ek" en "my" verskyn 17 keer in die 7 verse van ons teks vir vandag. Dit is inderdaad introspeksie van die hoogste orde. Ja, ons hoef nie noodwendig die misdadige of openbare beeld van sonde te wees nie. Die bedoeling is om die makro-probleem op mikro-vlak te verpersoonlik. God werk baie meer met individue as met die massa. Kom ons gaan na die Here vir 'n persoonlike verlossing. Kom ons begin treetjie vir treetjie. "*Laat ek die verandering wees wat ek in iemand anders wil sien*" is wat die Indiese leier Ghandi gesê het. Hier roep die psalmskrywer uit. Sal ons ook uitroep? Sal ons ook in gebed uitroep: "Here, verlos my!"

2. Die behoefte aan beskerming en regverdiging

In vers 20 roep die Psalmskrywer uit: "Bewaar my siel en red my." Die Christen en die kerk moet sy regmatige plek in die samelewing as bewaarders van God se boodskap inneem. Ons skram dikwels weg deur akademies en nie in die praktyk relevant te wees nie. Die kerk moet 'n balans vind tussen die teorie en die praktyk van verlossing.

Daar kan op verskillende vlakke verlossing wees. Ons het vroeër gekyk na die persoonlike aard van verlossing. Die belangrike vraag is hoe die gebed om verlossing my en my situasie affekteer. Vir watter aspek van verlossing moet ek bid? Die behoeftes verskil. Die psalmskrywer beweeg ook van persoonlike verlossing na nasionale verlossing. Indien hierdie psalm gaan oor God wat vir ons die weg wys, hoekom loop ons dan nie daardie weg nie? Die teks praat oor skuiling soek. Is dit die roete wat Christelike geloof inslaan? Die pad vorentoe is om die probleem op hande aan te pak. In Matteus 7:7 sê God: "Vra, en vir julle sal gegee word." Ons geestelike bronne is ons God, sy Seun en die voortdurende werking van die Heilige Gees. Hoekom sien ons nie kans om die wye spektrum van verlossingskwessies in ons lewe en dié om ons te hanteer nie?

3. Ons moet tot ware gebed gebring word

Kommentaarskrywers sê vir ons dat die hele Psalm 25 'n gebed is. Ons word dus gevra om gebedstryders op die terrein van geestelike uitdagings en probleme in die lewe van ons lede te wees. Ons gebede mag nooit eksklusief wees nie. Ons word aangesê om vir en saam met mekaar te bid. Die kerk is verantwoordelik vir elke individuele lid. Ons is almal deelnemers. Dit word van ons verwag om by die dienspunt te staan.

Een van die moeilikste aspekte van die Christelike lewe is gebed. Die byeenkomste wat die swakste bygewoon word, is die gebedsbyeenkomste. Kan ons dit verander? Sal ons God toelaat om ons deur sy Heilige Gees te lei om biddende mense te word?

Die gewilde gesegde dat gebed dinge verander, is waar, dus is baie van die psalms gebede. Die Here het vir ons oorgenoeg voorbeelde, onderrig en aanmoediging gegee om 'n volk van gebed te wees.

Sal ons hierdie weg van God volg? Ons het vir Hom gevra om ons sy weë bekend te maak.

Die psalmskrywer sê ons hoop lê in die Here. In ons inleiding het ons die gewelddadige en verfoeilike aspekte van misdaad en geweld geskets. Ja, die kerk het ‘n rol om te speel. Ja, die kerk het ‘n rol om te bid! Sal ons die uitdaging aanvaar?

Kom ons verander ons weë na God se weë. Ja, Here, wys ons die weg van gebed. Leer my die pad van gebed.

Ek het die gebed van verlossing nodig!

Ander mense het die gebed van verlossing nodig!

Ons gemeenskappe het die gebed van verlossing nodig!

Ons volk het die gebed van verlossing nodig!